



MEYER- Manie

– Bl. 4

FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

TOP 5

Ink se
resensente
kies hul top-5
produksies.
Die beste van
die bestes.
– Bl. 7


Skaam JULLE!

‘Dalk is jy en jou
vriendinne ladies who
lunch. Maar as jy nie
daar is om 'n man
soos Gert Vlok Nel
te waardeer nie, moet
jy vir jou 'n ander
plek kry.’ – Bl. 15



TERUG OP PUBLIEKE AANVRAAG.
Danie Smuts se versameling van tradisionele mediese rate
wat vir allerlei kwinte en kwale voorgeskryf word.

Nou beskikbaar in winkels en as 'n eBook



Penguin
Random House
South Africa

" SY VANG DIE WOORDE
IN HAAR NET
SLYP HAAR WOORDE
TEEN DIE ROTS
SY BAK HAAR WOORDE
IN DIE VUUR
EN DIE NOORDEWIND KOM
EN HAAR WOORDE WAAI VER
HAAR WOORDE WORD SAAD
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,
BOORD VAN NOORDE

Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en
bittermooi lirieke van onder andere
Amanda Strydom, Die Heuwels Fantasties,
Koos Kombuis en Francois van Coke.
Die 2015 Sanlam Musiekfees, 6-15 Maart.

www.sanlam.co.za/sponsorships



Universiteit Stellenbosch
Woordfees

in trotse samewerking met

Maties, KitKats en etiket

Nataniël se Woordfees-vertoning is lankal uitverkoop. Hy was gisteraand in die Endler te sien met Die maak van ’n jas. **Herman Lategan** het met hom gesels.

Vertel meer van jou nuwe ver-toning, Die maak van ’n jas?
Omdat dit in die Endler is, is die vertoning in tradisionele konsert-styl. Stories, musiek en jasse.

En die kostuums? Hoeveel is daar? Waarvan is hulle gemaak? Hoe lyk hulle?
Daar is baie, hoe hulle lyk en waarvan hulle gemaak is, kan ek nie verklap nie, dis waaroor die *show* gaan!

Waar gaan die vertoning ná Stellenbosch. Kunstekaap?
Dit gaan nêrens anders nie. Ek is die res van die maand op ’n konserttoer en open op 14 April met *Prophets and Painkillers* in die Kunstekaap.

Jy het ’n geskiedenis met Stellenbosch; jy het hier gestudeer. Voel dit vreemd om weer hier te wees, die plekke van jou studentejare te sien en te onthou? Wat onthou jy?
Ek tree die aflope 27 jaar gereeld op in die Endler en by die Oude Libertas Amfiteater en het baie familie en vriende in Stellenbosch en het op ’n manier nog nooit vertrek nie.

Dit was die middeltagtigerjare. Daar was die Noodtoestand, mense was konserwatief. En hier kom jy – kreatief, ’n randeier, iemand wat heeltemal cool was met



FOTO: VERSKAF

“**Ek het niks verander nie – die samelewing het.**

sy eie aweregse kwinkslae, modes en musiekstyl. Jy was jouself en jy het vir die samelewing die middelvinger gewys. Hoe het die

Stellenbossers destyds daarmee – en met jou – vrede gemaak?
Stellenbosch was baie meer gemaklik met my as die res van die land. Ek het as ’n student baie vreemder goed aangevang as nou en baie meer geëksperimenteer met klere as nou. Ek het my identiteit op Stellenbosch ontwikkel en die studente was fantastiese gehore. Daar was bitter min vooroordeel!

As jy weet die wêreld sal môre vergaan, wat sal jy graag vir jou laaste maaltyd voorberei?
Ek sal twintig KitKats opeet. Niks gee my meer vreugde nie.

En as jou huis skielik aan die brand slaan (die hemel behoed ons!) en jy kan drie goed red, net drie. Wat sal dit wees?
Dit sal drie van my *favourite* kostuums wees. Een gemaak deur James Edward Moulder, een deur Floris Louw en een deur Vivienne Westwood.

Ek onthou in die middeltagtigerjare het ek met foto’s van ’n show van jou na die koerante gegaan, om dit publisiteit te gee. Ek onthou een man met grys skoene by Rapport het na ’n foto van jou gekyk en net sy kop geskud. “Nee, nie vir ons nie,” het hy gesê. En kyk hoe lyk jy nou, die ster van die oomblik. As jy terugkyk na daardie dae en nou, hoe voel jy?

Mense sê gereeld: Jy het so verander. Ek het niks verander nie – die samelewing het. Ek dink ook mense het my makliker aanvaar nadat my rubriek in *Sarie* begin verskyn het. Hulle kan sien dat ek doodgewone outydse familiewaardes het. Grimering en kleredrag verteenwoordig jou styl, nie jou siel nie. Wat moeilik is, is dat baie “aanhangers” nog nooit een vertoning bygewoon het nie, hulle ken my net as gevolg van televisie, my vertonings. Dit wat ek éintlik doen, is heeltemal anders.

Is jy nog so ’n groot Barbara Streisand-aanhanger?
Ek is nog ’n aanhanger van die jong Streisand, die afgelope dekade het haar keuse in musiek heeltemal simpel geraak.

Kom ons praat oor etiket – dink jy dit is slegte maniere om te vloek?
Dit is absolute swak maniere om te vloek. Ek sê dit met die volle wete dat ek vloek soos ’n matroos. Maar ek werk daaraan, elke dag. (Eintlik aan my humeur.) Ek verloor heeltemal beheer as iemand ’n selfoon in ’n teater aansit. Ek vloek jou van die verhoog af.

Nataniël se vertoning Prophets & Painkillers is van 14 tot 19 April by Kunstekaap op die planke.

Resensie

Nataniël – Die maak van ’n jas. KykNET Endler. Gister om 19:00. Vandag om 10:00 en 13:00.

Gisteraand in die Endler, sy heimat, het Nataniël sy gehoor betower met sy fabelagtige mooi jasse, sy stories dik met humor, gepak met patos, en bowenal, sy stem.
Die oomblik toe hy op die verhoog stap het hy, soos Eugène Marais sou sê, die publiek gemesmeriseer. In die agtergrond was daar nege teatrale en eksotiese jasse op die verhoog. Elkeen het gelyk soos iets uit New York, Rome of Parys. Dit was asof Versace uit sy graf opgestaan het. Die res was pure eenvoud, Zen: Eenkant was Charl du Plessis (klavier), aan die ander kant Juan Oosthuizen (kitaar) en in die middel, die man van die aand, in ’n swart jas. Agter hulle, orrelpype.
Nataniël stuur homself op: “My ouma het gesê ’n man wat met ’n jas loop as dit nie reën nie, is ’n man wat bang is hy gaan vergeet word.” Hy vertel ’n humoristiese storie in Afrikaans, dan sing hy in Engels. Dis ’n goeie balans, dit werk. Wat is dit omtrent sy stories wat so roer? Hoor hier: “Hy het diep gesonke oë soos iemand wat lank sendingwerk gedoen het.” Wow. Van die verhale is pure magiese realisme, ander is net die eenvoudige stem van die storieverteller.
Wat maak van hom ’n sukses? Nataniël is homself, hy draai nie doekies om nie, hy lieg nie, hy is die man in die jas, vat hom of los hom. Toe hy Roberta Flack se “First Time I Ever Saw Your Face” sing, diep uit sy siel, toe sak daar ’n groot stilte in die saal toe.
Jy kon nie eens h jas hoor val nie. – **Herman Lategan**

kontant hang aan my soos ’n ...



anker

kleinsus

knapsekêrel

Gee kontant die trekpas by die US Woordfees. Kry ’n Kontantvrye Kaart*, koop na hartelus en kry ook sommer een gratis rit op die US Woordfees pendeldiens, aangebied deur FNB, vir jou en een metgesel.

Die pendeldiens is gratis vir FNB en RMB kaarthouers, met een metgesel per rit**.

FNB en US Woordfees maak sin saam.



www.FNBenUSWoordfees.co.za

*Besikbaar by FNB aankoppunte.
**Voorwaardes geld.
First National Bank – ’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk. ’n Gemagtigde Finansiële Dienste en Kredietverskaffer (NCRCP20).



hoe kan ons jou help?

Skrywers

Aucamp met liefde onthou

Hennie Aucamp: Dalk gaan niks verlore nie. Boeketent.

Gister is gepas hulde gebring aan die ontslape skrywer Hennie Aucamp in ’n persoonlike gesprek deur drie van sy naaste vriende, elk ’n bekende in eie reg: Amanda Botha, Dave Pepler en Amanda Strydom.

Pepler se kwinkslae omtrent sy natuurvriend en reisgenoot is kostelik, soos dat hy soos ’n moordvis kon eet en selfs in die veld korte mette gemaak van ’n pond kaas. So het die girts-girts van sy skeersessies met ’n beker koue water in die veld glo ook elke oggend in ’n irriterende bloedbad ontaard. Tot Strydom se verbasing, is sowel Pepler as kunskenner Botha dit eens dat Aucamp agter die stuur van sy geliefde Volla nie te vertrou was nie, veral as hy moes parkeer.

Al drie is dit egter ook eens dat hy boonop ’n briljante leermeester was. Volgens Pepler is Aucamp se nalatenskap dat hy hom geleer het om vergelykend te lees, te kyk en te luister. Botha vertel aandoenlik hoe hy haar op sy geboorteplaas in die Stormberge aangesê het om fyn te luister tot sy die ritsel van die fluitjiesriet kon hoor. Strydom sê op haar beurt “Meester” het getrou en deeglik elke liriek wat sy ooit geskryf deurgegaan en met ’n swart pen kommentaar gelewer. “Geniet jou windstiltes,” het hy getroos as die woorde soms opgedroog het. En by elke konsert was hy daar met een of twee boeke en ’n bederfie. Inderdaad ’n groot nalatenskap wat nie verlore mag gaan nie.

– Marina Griebenow



Amanda Strydom: “Hy’t my geleer om my windstiltes te geniet, met ander woorde om nie paniekerig te raak as ek nie kan skryf nie.”

Hennie se kwatryn vir Amanda: Jy praat en sing jou mond verby Jou vak is immers cabaret, Maar by jou lied is ingebou die troostoon van ’n wyse vrou.



Dave Pepler: “Ons het ’n lewewende vriendskap gehad. Sy nalatenskap aan my was dat hy my geleer het om vergelykend te lees, kyk en luister.”

MEYER-MANIE

Misdaadkoning kry uiteindelik sy ‘Ikarus’



Deon Meyer by die bekendstelling van *Ikarus*, wat onder meer op Stellenbosch afspeel. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Deon Meyer. Skrywersfees. Boeketent. 13 Maart.

Ja, hy voel die druk, maar dit is nie tydruimte nie. Daar is ’n klomp mense wat hy nie wil teleurstel nie.

Só bely die bekroonde misdaadskrywer Deon Meyer in ’n gesprek aan Elmari Rautenbach by die bekendstelling van sy jongste roman, *Ikarus*.

“Ek het nog altyd geweet daar gaan eendag ’n boek wees wat ’n mislukking gaan wees, maar watter een sou dit wees? Halfpad deur die manuskrip dan is ek vas oortuig niemand gaan dit lees nie, maar toe laat weet Etienne (Bloemhof, Meyer se uitgewer) ek moet aangaan.

“Dan, wanneer ek die finale manuskrip stuur, is ek weer seker niemand gaan daarvan hou nie. Ek het ook verskeie uitgewers oorsee en ek wag vir die dag wanneer hulle vir my ’n e-pos gaan stuur en vra: Wat het jy nou gedoen? Maar ek dink die oomblik wanneer jy selftevrede raak, is daar moeilikheid.”

Wêreldwye gehoor

Meyer se boeke word in 28 tale wêreldwyd vertaal en hy doen moeite om seker te maak die Engelse vertaling gaan aanvaarbaar wees – veral vir die Amerikaanse en Kanadese mark wat groot ondersteuners van sy boeke is.

“Interessant genoeg is daar nou ander lande – insluitend Frankryk – wat deesdae die boeke direk uit Afrikaans vertaal,” het hy gesê.

Een van sy grootste vrese is dat ’n leser een van sy boeke sal

toemaak en gaap. “Dis belangrik om spanning op te bou, maar met *Ikarus* wou ek ’n *who dunnit* skryf, nie ’n boek wat tydgebonden soos *13 Uur* is nie. Ek het van die begin af geweet dit gaan ’n uitdaging wees. Jy moet langer en fyner dink, die *red herrings* goed beplan. Wanneer die leser die boek klaar lees, moet hulle nie voel hulle is verkul nie.”

Hy het vertel dat hy stukke vir Bloemhof gestuur het en hom gevra het of hy weet wie die moordenaar is. “Hy het elke keer verkeerd geraai en dan het ek geweet ek is op die regte pad,” het Meyer gesê.

Die storielyn

Ikarus vertel die verhaal van Ernst Richter, ’n man van Stellenbosch wat ’n webwerf het wat vir mense alibi’s skep. Sy lyk het pas by Bloubergstrand uitgespoel. Bennie Griessel van die Valke word ingeroep. Die tweede deel van die storie handel oor ’n wynboer van Stellenbosch wat na ’n advokaat in Kaapstad gaan om te sê hy wil bieg oor ’n moord...

“Stellenbosch is ’n baie interessante plek,” het Meyer gesê. “Nie net die ou geskiedenis nie, maar ook die geskiedenis van die afgelope sestig jaar. Dan is daar die universiteit, die wynbedryf – ryk en arm – wat langs mekaar woon. Ek het begin krap en gedink ek gaan geen onheile in die wynbedryf kry nie, maar daar is vele.”

’n Tweede inspirasie was ’n *Time*-nuusbrief wat hy gekry het. Daarin het hy gelees van ’n Franse maatskappy wat alibi’s verskaf.


Griessel, wat terloops een van Meyer se gunsteling karakters is, gaan deur ’n persoonlike krisis en gryp weer na die bottel. Sy kollega Vaughn Cupido het bevordering gekry en moet die bal vang

Ikarus

Ikarus is Deon Meyer, wie se boeke die topverkopers in Suid-Afrika is, se tiende roman. Dit is die eerste plaaslike boek wat op 20 Maart tegelykertyd as boek, e-boek en audioboek bekendgestel word. ’n Bekendstellingsgeleentheid vind op 26 Maart by die Atterbury Teater in Pretoria plaas. Jaconell Mouton het ’n geleentheid geskryf.

“Ek gaan nie self sing nie,” het Meyer gespot.

“Daar gaan ’n paar verrassings wees en dit is ’n goeie manier om die Boekejool wat in Augustus in Pretoria gehou word aan te kondig.



wanneer Griessel dit laat val. “Cupido het die eerste keer in *Infanta* sy verskyning gemaak en ek het niks van hom gehou nie,” het Meyer gesê. “Ek het hom geskep as ’n irritasie vir Bennie, maar mettertyd het ek meer van hom begin hou. In hierdie boek het hy amper onbeplan ’n groter karakter geword en dit het my die kans gegee om hom verder oop te skryf.”

Oor name

Ikarus was die oorspronklike titel van Meyer se eerste boek, *Wie Met Vuur Speel*, maar die uitgewers het gesê ’n eenwoord-titel werk nie. “Ek wou dit nog altyd vir ’n boek gebruik,” het hy gesê. “Dit is ook ’n huldeblyk aan Ed McBain, die beste misdaadskrywer wat nog ooit gelewe het,” sê Meyer. “Ons het dieselfde uitgewer in Nederland en dit was vir my ’n groot oomblik toe ons foto’s langs mekaar in hul katalogus verskyn het.”

Oor die baie Engels in die boek, het Meyer aan Rautenbach verduidelik dat Suid-Afrika ’n veeltalige land is.

“Dit sou onnatuurlik wees om twee Engelse karakters met mekaar te laat Afrikaans praat. Ek dink die Engels, en daarmee saam die dialek wat Cupido en Fillander praat, maak die boek outentiek.”

Daar was drie vrae uit die gehoor, een daarvan van ’n man wat wou weet of Bennie darem nog seks kan hê synde hy nou weer na die bottel gryp.

“Ek en Bennie praat nie uit die slaapkamer uit nie,” het Meyer geskerts. – Ilza Roggeband



FEESPROGRAM:
VERRASSINGS EN
VERANDERINGE

Vandag (Saterdag 14 Maart)
Gekanselleer

Playland om 13:00 by die Breughel Teater
Die Tafel om 20:30 by die Drostdy Teater

Uitverkoop

Rondomskrik om 10:00 by Hoërskool Stellenbosch
Son. Maan. Sterre. om 11:00 by die Fismersaal
Nataniël – Die maak van ’n jas by die kykNET Endlersaal om 10:00 en 13:00
Die klaagliedere van ds. Tienie Benade om 17:00 by die Attie van Wijk-ouditorium
Matthew Mole om 18:00 by Neethlingshof
Die Seemeeu om 20:15 by die Oude Libertas-amfiteater

Bygevoeg

Kalahari Swaan om 10:00 by die Breughel-teater teen R80 (35 minute)
Hol Marion! om 13:00 by die Drostdy-teater teen R110 (75 minute)
Vertoning van die fliek Ballade vir ’n Enkeling om 20:00 by L’Avenir wynlandgoed teen R55 (136 minute)

Môre (Sondag 15 Maart)
Bygevoeg

Kalahari Swaan om 11:00 by die Breughel-teater teen R80 (35 minute)
Hart en See – Laurika Rauch en Elvis Blue om 20:30 by die Spier Amfiteater teen (70 minute) (reeds uitverkoop)

Op reis saam met die Fagans

Gawie en Gwen Fagan.
Gesprek. Erfurthuis. 13 Maart.

Baie aanbiedinge by die Woordfees was van ’n hoë gehalte, maar dis van die teatergesprekke, profiele en boekepraatjies wat gereeld verras het. Een so ’n gesprek was met die argitek Gawie Fagan en sy navorser vrou Gwen, wat albei oor die afgelope meer as ses dekades sinoniem geword het met argitektuur in Suid-Afrika.

Gwen is ’n opgeleide mediese dokter, Gawie se regterhand al vir dekades in sy praktyk, en sy is vanselfsprekend ook bekend vir haar omvattende kennis van tuinbou, veral rose. Albei van hulle is al 90, werk nog steeds van agt tot vyf, bestuur ’n span werkers, en boonop verskyn daar binnekort ’n outobiografie van Gwen.

Hulle straal energie en lewenslus uit. Frieda le Roux was in gesprek met hulle, en Gwen is ’n raconteur uit die boonste rakke. Gawie, seiljagvaarder, avonturier, restoreerder, bewaarder van ou geboue, man wat met hande bou, is weer stiller.

Maar as hy praat, luister jy aandagtig. Hy praat suiwer Afrikaans, sy pa was immers die skrywer H.A. Fagan. Gwen het met behulp van skyfies die gehoor op ’n reis geneem na die dae toe



hulle mekaar nog die hof gemaak het, haar trourok wat sy self moes maak omdat daar nie geld was nie, en terug na hul dae van groen jeugdigheid, toe die lewe eenvoudig en lieflik was.

In een foto, op hul wittebrood, lê die twee kaal op hul mae langs die Palmietrivier. “Ons het so verbrand, ons kon nie eens aan mekaar vat nie,” vertel Gwen. Dit was ’n roerende melancholiese wit en swart foto, ’n blik in die geskiedenis van twee besonderse mense wat mekaar al langer as 65 jaar innig lief het. Hoe skaars het sulke liefde geword? Wat het van daardie tye geword?

Sy het vertel hoe hulle maar swaar gekry het in die begin, toe Gawie net as argitek begin werk

het en sy as dokter by 1 Militêre Hospitaal in Wynberg. Hulle moes koeie aanskaf om die melk te verkoop. Hulle het maar met ’n paar koeie begin, later was daar amper 20.

Smôrens moes hulle vroeg uit die katel, die koeie moes gemelk word. Hulle het ook hulle eie veevoer gegroei in landerye wat hulle self moes bewerk het. Vir handjies vou en insluimer was daar nie tyd nie. Hulle het ’n motorfiets gehad waarop hulle en van die kinders moes ry. Eendag het hulle selfs ’n kalfie saam met hulle op die motorfiets gelaai.

Daar was ’n troetelhoender met die naam Ouvrou. Later was daar ’n troetelperd wat so mak geword het dat dit sommer in die

huis se gange afgeloop het.

Dat dié mense ongelooflik eksentriek en belangwekkend is, is nie te betwyfel nie. Indien mense van hierdie statuut in New York gewoon het, sou hulle selebriteite gewees het wat gereeld in *Vanity Fair* en die *New Yorker* sou verskyn.

Maar hier ploeter ons maar aan met eendimensionele mense soos sportsterre, sepiesterre en *kommin* popsangers wat fluitings soos krewes wat in warm water gegooi word. Jislaaik, dis darem ’n skande!

Maar dankie vir Frieda le Roux wat hierdie egpaar uitgenooi het om hier te kom praat. Ons land sal eendag verarm sonder hulle wees, dis gewis. – Herman Lategan

Nog ’n snikhete dag

Ná gister se verligting van die warm weer, sal dit ongelukkig vandag weer vuurwarm wees. Feesgangers moet hulle gereed maak vir ’n maksimum van 33°C. Die aand bring verligting met ’n minimum van 16°C. Die wind gaan na verwagting 21 km/h haal. Hou beslis jou hoed, sonskerm en sonbril byderhand en soek skaduwee.




Ons omvangryke eenstop-boekwinkel is terug in die hartjie van die fees in die Plataankafee agter die **US Museum**. Daar is ’n keur van nuwe, tweedehandse en allerlei interessante boeke te siene vir boekliefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunsteling skrywers en geniet ’n glasie wyn saam met ons onder die Plataanbome.

“Dra die ou jas en koop ’n nuwe boek.”
– Austin Phelps



Hierdie opwindende nuwe produksie van die **ATKV**, is te siene in die **US Museum**. In samewerking met Die Grobler is ’n reeks kort animasiefilms, geïnspireer deur ’n seleksie van 12 klassieke en kontemporêre Afrikaanse gedigte, vervaardig.



Die digters se werk word gebruik om ’n “visuele bloemlesing” saam te stel wat ’n dialoog tussen woord en beeld skep. Elke animasiefilm word vergesel van ’n klankbaan, waar onder meer die gedig voorgelees word. Die eindproduk is ’n DVD-vertoning van sowat 40 minute, vergesel van ’n uitstalling van plakkate van die animasiefilms. Die DVD word te koop aangebied in die **ATKV-Boekwinkel**.

Moet dit nie misloop nie! By die **US Museum**, daagliks van **07:00 - 18:00**. Toegang is **gratis**.

Digter:
N.P. van Wyk Louw
Animeerders:
Jac en Wessel Hamman

www.atkv.org.za



Roosenwijn
Guest House

★★★★★

Experience the elegance and beauty of a bygone era

Tel: +27 21 883 3337/8 Fax: +27 86 505 3960
14 Van Riebeeck Street, Stellenbosch, 7600 South Africa
www.roosenwijn.co.za | bookingsenquiries@roosenwijn.co.za

Suiker, sout die eintlike sondaars

Die moets, moenies en mites rondom jou dieet en gesondheidsprobleme. Lesing. Die Khaya. 13 Maart.

’n Wêreldwye studie wat in 2014 onderneem is, toon dat 70% van Suid-Afrikaanse vroue en 40% van mans as oorgewig geklassifiseer word, aldus Gabriël Eksteen van die Hart- en Beroertestigting van Suid-Afrika.

Reken hierby in dat ’n skokkende een miljoen wegneemetes en 80 miljoen sigarette per dag in Suid-Afrika verkoop word, en dié syfer is nie verrassend nie. Een uit drie volwassenes ly aan hoë bloeddruk en die regering moes nuwe regulasies in plek stel wat volgende jaar van krag kom. Hiermee gaan die plaaslike kosverwerkingsbedryf gedwing word om minder sout te gebruik in bereide produkte soos brood, aftreksel en aartappelskyfies.

Die goeie nuus is egter dat baie gedoen kan word om leefstylsiektes die hoof te bied. Volgens Eksteen is dit makliker as wat ons dink. Daar is deesdae soveel kontrasterende dieetraad in die media, maar die Hartstigting klassifiseer ’n gesonde dieet in drie eenvoudige stappe Die eerste stap is om meer gesonde kos elke dag te eet. Dit sluit veral groente en vrugte in.

Die tweede punt is om jou kos te geniet, maar minder daarvan te eet. En die derde is om minder kos te eet wat bygevoegde suiker, sout en vette het – veral wegneemetes en versoete drankies is hier die sondaars.

Die Stigting het ook ’n bewusmakingsveldtog begin, genaamd Salt Watch, om mense bewus te maak van hul soutverbruik. Die gemiddelde Suid-Afrikaner eet omtrent tien gram of twee teelepels sout per dag, dubbel die Wêreldgesondheidsorganisasie se aanbeveling van een teelepel per dag. Soutvermyding is een van die eerste teenvoetters teen hoë bloeddruk en boonop word verhoogde soutinname verbind met asma, ’n groter kans op maagkanker en osteoporose. Die aanbeveling is om nie sout aan tafel by te voeg nie en om met minder sout en verwerkte produkte soos soppoeiers te kook. Mense word aangemoedig om veral kommersiële produkte se etikette te lees. Die Stigting probeer mense help met gesonde koskeuses deur die Hartstigting se merk op produkte wat hul goedkeuring wegdra, aan te bring. – Maryke Visagie

Hutspot



Francois Ferreira en Riana Scheepers tydens ’n kosdemonstrasie by Die Khaya. Ferreira is ’n bekende kok en radio- en TV-persoonlikheid wat al vir bekendes soos oudpresidente FW de Klerk en Nelson Mandela gekook het. In sy boek Koskaskos leer hy amateurkokke om smake só te kombineer dat kos lekkerder smaak. Scheepers het die gesprek gelei. FOTO: SALMON BECKER

Omarm broosheid

Is God man, vrou of albei?

Ontleding

Is God onsydig? Oor God en gender. Geloof op die markplein-gespreksreeks. Boektent. 10 Maart.

God is Vader, bely gelowiges. Die Bybel het in ’n patriargale samelewing tot stand gekom. In watter mate bepaal uitgediende, godsdienstig verskanste idees oor gender en verhoudingsrolle nog hoe ons samelewing vandag gedefinieer word? Is daar ruimte vir ’n manlike en vroulike identiteit? En kan die Joods-Christelike tradisie ons help? Só het Johan van der Merwe hierdie gesprek, die eerste van vier in die reeks wat vanjaar deur Stellenbosch Moedergemeente gereël word, aan die rol gesit.

Prof. Louise du Toit, filosoof verbonde aan die Universiteit Stellenbosch (US), het begin deur te verwys na navorsing wat daarop dui dat vroue se status wêreldwyd verbeter het, veral wat betref gesondheid en onderwys. Op twee terreine gaan dit egter slegter met vroue, veral wat politieke mag en deelname betref asook dat hulle toenemend slagoffers van seksuele geweld is.

Du Toit sê dat ons groot geword het met ’n oorweldigend manlik gedomineerde geloof en ’n volslae eensydige beeld van God. Sy het egter mettertyd geïnte-



’n Foto van die Universiteit Stellenbosch se Kweekskool in Dorpsstraat. FOTO: SALMON BECKER

resseerd geraak in die Katolieke tradisie wat ’n ophef van vroue maak – wat erkenning gee aan hulle op ’n manier wat ontbreek in gereformeerde kringe.

Alle spreke oor God is volgens haar menslike konstruksies. Taal oor God is metafores.

Ons kort nuwe taal sodat ons beter oor God se transformerende liefde kan praat. Ons moet oor God probeer praat as moeder, vriend, minnaar, maar ook oor God as aarde, sê sy.

Prof. Julie Claassens, Ou Testamentikus aan die US se Teologiese Fakulteit, sê ons moet nuwe maniere ontdek om oor God te praat. Die Joods-Christelike tradisie bied wonderlike maniere om juis dít te doen. Jy kan oor God praat as moeder, die een wat huil,

en as vroedvrou. Dít sluit sterk aan by haar Claassens se nuwe boek Mourner, Mother, Midwife.

Vir haar is taal oor God ook metafores, maar kompleks. ’n Mens moet aan God as manlik en vroulik dink. As ’n mens wil weet hoe God lyk, kyk na die mense rondom jou.

Volgens Laurie Gaum, verbonde aan die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit, dink ’n mens in Graad 1 nie aan God in manlike of vroulike terme nie. Veel eerder as “dit”. Soos wat ons groter word, maak ons van God ’n man, want ons het by die Vader-beeld vasgesteek.

By al drie die Abrahamitiese godsdienste is daar patriargie, veral by Islam. By Boedhisme sien ons egter meer moontlikhede as

daar oor die godheid gedink en gepraat word.

“Maar dank vader, ons groei,” het Gaum gesê. Ons bly nie dieselfde nie. Ons het ontdek dat alle mense gelyk in waarde voor God is – wit en swart, man en vrou, hetero- en homoseksueel.

Gay vroue het hom in sy bediening laat besef dat as hy oor God praat, hy dít nie in manlike terme moet doen nie. ’n Mens moet buite geslag om oor God praat. Ook het transgender mense hom laat besef hoe vloeibaar die grense tussen geslagte is en hoe gemaklik mense is met wie hulle is. Daar is nié net twee geslagte nie. Dít alles het hom gehelp om nie meer geslagtelik oor God te dink en te praat nie.

Mettertyd het God hom ook laat verstaan dis goed om gay te wees. As gay persoon is hy gemaak in die beeld van God.

Volgens Claassens help dit ons menswees as ons aan God dink in beide manlike én vroulike terme. Op hierdie wyse besef mans hulle kan huil, en vrouens ontdek hulle kan kwaad word.

Du Toit sê ons kan so maklik seuntjies se gedrag polisieer deur hulle impulsiewe gedrag van omgee en emosie te verander. Soos hulle groter word, leer ons hulle hulle word nou man en mans huil nie. Faal hulle, word hulle meisies genoem.

Sy voer aan dat manlikheid in ’n krisis verkeer. Mans moet dít erken en hul broosheid omarm. – Chris Jones

Lui, lui telefoon, lui, lui... SIT. DIT. AF. want dis 'n helse straf!

Ink het 'n paar feesgangers gevra wát presies teater-etiket is – en of Suid-Afrikaanse gehore daaroor beskik



Alex Hamilton, kunstenaar van Kaapstad: “Ek het *Siener in die suburbs* gaan kyk, wat 'n hartverskeurende stuk is. Vanweë die spesifieke kultuur en die storie is daar soms vloekwoorde. Dan lag die mense en dink dit is baie *funny*, maak nie saak in watter konteks dit gebruik word nie.”



Liebe Moolman, Stellenbosse dramastudent: “Mense wat so tussenin gesels pla my vreeslik. By plekke soos Spier, plekke wat wyn verkoop, is dit erg wanneer mense handuit ruk en bottels en glase breek tydens vertonings. Dit verbreek regtig 'n mens se konsentrasie.”



Marinus Burden, Stellenbosch: “Slegte teater-etiket is nie by die Woordfees so erg nie, want dit is meer ouer mense wat produksies bywoon. By sommige produksies is dit soms 'n *issue*, veral as daar jonger mense is, want hulle het geen etiket as dit by teater kom nie.”



Sue Pylar, RSG-aanbieder: “Dis mos maar die ou ding van die selfone... Daar is mos hóéveel knoppies waarmee jy dit op *silent* kan sit, doen dit net! Die ander ding wat pla, is mense wat laat kom, maar ek sou dit toeskryf aan verkeer en parkering op Stellenbosch.”



Tannie Poppie Coetzer, Kokke-door: “'n Mens kry maar altyd daai ene wat uitglip as die foon lui. Ek was 'n bietjie laat vir *Son. Maan. Sterre*. Omdat ek van so doer ver moes stap, en hulle was ordentlik genoeg om my by die sydeur in te laat sonder dat ek iemand gesteur het.”

Resensente se Top 5:

Wayne Muller	Herman Lategan	Ilza Roggeband	Marina Grienbow
1. Son.Maan.Sterre	1. Dogma	1. James Grace	1. Die Seemeeu
2. Nokturne	2. Argitektoniese wandelings	2. Orgie	2. Skuldeisers
3. Van Schubert tot Schnittke	3. Filmverse	3. Alex Hamilton se Opskiet-uitstallings	3. Dogma
4. Skuldeiser	4. Profielgesprek met Erik Holm, Tinarie van Wyk Loots en Saartjie Botha.	4. Herman Lategan se boekpraatjie	4. Frats
5. Roelof Temmingh (en Zorada)	5. Nataniël	5. Ockie Vermeulen	5. blou-blou

LOFSANG VIR SONDAG

Gospelfees. Musiek. Van der Stel-sportterrein. Môre om 16:00. Kom deel in 'n besondere geestelike ervaring waar bekende name in die gospelbedryf feesgangers sal vermaak. Rochelle, Liedermann, Louis Britz, Neville D en Joe Niemand sing geliefde liedjies onder die musikale regie van Grethe van der Merwe, wat onlangs haar eie debuut-CD bekend gestel het. Kaartjies kos R60 vir volwassenes en R30 vir studente en skoliere.

DIE BYBEL - DIE WOORD VAN GOD OF DIE WOORD VAN DIE AFGODERY?

DIE BABILONIES-EGIPTIESE AFGODERY SE MITOLOGIESE HEMEL BO DIE BERGPIEKE AS DIE WONING VAN MENSAGTIGE GODE, OPSTANDING UIT DIE DOOD, HEMELVAART EN 'N EWIGE LEWE IN DIE HEMEL, HET DIE BYBELSE DOGMA GEWORD.

DIE WYSE MANNE EN DIE MAGTIGE PRIESTERDOM VAN DIE AFGODERY EN DIE BYBEL

12 JAAR SE VOLTYDSE INTENSIEWE NAVORSING/ VERSTOMMENDE BEVINDINGS.

DINK BUTE “DIE KASSIE” WAARIN DIE PRIESTERS* VAN DIE AFGODERY EN MOSES* DIE VOLK GEPLAAS HET (EN WAARIN DIE KERK ONS STEEDS HOU). **LEES TUSSEN DIE LYNE, LOER AGTER DIE SKERMS, ONTBLOOT GEHEIME, ONTDEK DIE WAARHEID;** Kol 3;2 *bedink die dinge wat daarbo is/ Eks 20:19* die Volk het vir Moses gesê; *Laat God nie met ons spreek nie, anders sterf ons!* So het Moses die mag en heerskappy vd. Priesterlike orde van die Afgodery na die Bybel en die Kerk oorgedra. (*hulle het goue maskers op hulle gesigte gedra wanneer hulle voor gode verskyn het).

IS DIE BYBEL 'N HERSKRYWE VAN DIE AFGODERY?

As die Bybel die Woord van God is en die Evangelie is op die Dogma van die afgodery gegrond, wie se Woord was die Afgodery dan? Mat 18:3 *Word ons met letterlike interpretasie in dwalings gelei, eerder as om soos kinderjies te glo?*

Han 7:22 Moses was opgelei in “*al die wysheid*” van die Egiptiese afgodery en was “*magtig in woorde en dade*”, hy het hulle; Mites, Dogma, Ikone, Rituele en Towerkunste na die Pentateug oorgedra! **Num 11:29** Is die Bybel 'n letterlike geskiedenisboek of 'n boek van profesie? **I Kor 15** **Bestaan** daar 'n letterlike biologies leefbare Hemel bo die berge? **Sal** die Opstanding en Hemelvaart in vlees ervaar word? **OF** is dit alles metafisiese begrippe? **Jesus** was 'n hemelwese/engel, Hy het nie as mens van vlees na die onherbergsame Hemel in die Kosmos teruggekeer nie.

Was Moses 'n krimineel, bedriër, towenaar en gewoonte misdadiger? **Luk 10:22** **Het Moses//die Volk bedrieg?** **Han 7:38** met God of 'n Engel van God op die berg Horeb vergader? **As die Egiptenare 'n Skepper aanbid het sou Moses nie met God vergader het nie!// Num 20-Deu 34** vir Aäron vermoor voordat hy selfmoord gaan pleeg het?// **Eks 34:29** in die tradisie van die Priesters van die Afgodery, die goudpoeier van Aäron se kalf (**Eks 32:20**) aan sy gesig gesmeer om die Volk te bedrieg dat hulle moes glo dat hy in die geheim met God beraadslaag het?// **Die Volk;** bevrees gemaak vir God sodat hy man alleen in die geheim met “God” (die engel van Han 7:38) op die berg kon vergader? (**Eks 20:19** *Spreek U met ons, anders sterf ons*). **EKS 19** verbied om naby die berg te kom sodat niemand (behalwe Aäron) sou hoor of sien dat hy self die Wet op die kliptafels uitgebeitel het. **Waar plaas Moses se verdagte en bedrieglike optrede die geloofwaardigheid van die Bybel en die God gegewe land Kanaän?**

DIE WYSE MANNE EN DIE MAGTIGE PRIESTERDOM VAN DIE AFGODERY EN DIE BYBEL

(50 HOOFSTUKKE/ 380 A4 bladsye/ 75 Bronne/ Op bestelling @R 435). **Gratis** INLEIDING tot hierdie MANUSKRIP per e-pos by alfa.esparanto@gmail.com .

Woordbeeld



BO: Marius Weyers, veteraan-akteur, knoop by die Boektent op die feeskern 'n geselsie aan met die bekende regisseur Katinka Heyns. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



BO: Smaaklike feeskos. FOTO: SALMON BECKER



BO: Maar is dit kuns? 'n Feesganger waardeer sy sonneblomme wyl hy in die strate wandel. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



BO: Rolanda Marais in 'n toneel uit Die seemeeu. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



Die digteres Elisabeth Eybers se lewe is gevier in Eeu van Eybers. Hier is Babette Viljoen op die trekklavier. FOTO: SALMON BECKER



Clare Johnson en Mango Groove het die gehoor by Neethlingshof met hulle treffers vermaak. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



Die aktrise Nicola Hanekom in die veelbesproke Son. Maan. Sterre, onder regie van Christiaan Olwagen. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Woordbeeld

Die bekroonde digter Antjie Krog oomblikke voor sy voorgelees het uit haar nuwe digbundel, *Mede-wete* – die eerste uit haar pen in agt jaar. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

BO: Wat is lekkerder as musiek en wyn? Woordfeesgangers het piekniekkonserte ten volle benut. FOTO: SALMON BECKER



REGS: 'n Kunstwerk van Juanette Smuts by die US Kuns-museum.



ONDER: Studente neem 'n onsie in Ryneveldstraat. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT



BO: Roosterkoek oor die kole by De Vette Mossel. LINKS: 'n Toneel uit *Don Juan* onder die boere deur Bartho Smit. ONDER: Die sanger Heinz Winckler deel 'n oomblik met sy seuntjie tydens die bekendstelling van sy boek, *In ritme met God*. FOTO'S: SALMON BECKER



Trio(mf) by bekroonde konsert



Magdalene Minnaar

Taal van my hart. Musiek. 12 Maart om 20:00

Musiek met ’n opera-geïnspireerde aanslag is beslis nie uit die mode nie. Al stroom mense nie noodwendig deesdae in hul massas na volledige operaproduksies nie, raak hulle steeds opgewonde as iemand met ’n mooi stem in ’n mooi aandrok dramaties-mooi sing. Dit was inderdaad die geval tydens Donderdagaand se eenmalige uitvoering van *Taal van my hart* in die Fismersaal.

Hierdie produksie, met Magdalene Minnaar (sopraan), Janine Neethling (klavier) en Schalk Joubert (baskitaar), is reeds by vorige geleenthede met groot sukses uitgevoer en is vir ’n Fiësta benoem. Die Woordfees-uitvoering was te oordeel na die gehoorreaksie ook ’n klinkende sukses. Minnaar is ongetwyfeld ’n bewese sangeres. Enigiemand wat van Fokofpolisier se “Ek Skyn (Heilig)” kan oorslaan na “Heimwee” (waarvoor Mimi Coertse bekend was) sonder om ongemaklik voor te kom, verdien al die lof wat

haar toekom. Haar weergawe van Stef Bos en Amanda Strydom se “Taal van my hart” was ’n gepaste afsluiting vir dié uitvoering. Neethling se uitstekende musiekverwerkings het ten volle na hul reg gekom. Wie anders kan die Briels se immergroen “Trein na Pretoria” soos die klankbaan in ’n Franse straatkafée laat klink? Dan kan sy sing en kletsrym ook. Ek wil my verder verstout om te sê dat as Joubert ooit ’n vinger verstuit, sal die helfte van die produksies by die meeste feeste effens in ’n krisis gedompel word.

’n Mens kan tereg wonder hoeveel gigs hy dan op ’n dag het. Sy rol in hierdie produksie (waarin hy ook ’n vlietende vertoning as kletsrymer maak) was erg noodsaaklik. Die instrumentale interludes verdien spesiale vermelding. Die speelse interaksie tussen Neethling (op klavier én trekklavier) en Joubert se baskitaar het applous én ’n gelag by die gehoor uitgelok. ’n Mens kan nou verstaan waarom dié vertoning uitverkoop was; met nog mense wat hoopvol buite gewag het. – **Marenet Jordaan**

Teer, dog energieke vertolking van verse

Na waters waar rus is. Klassieke musiek. Endlersaal. 11 Maart.

Die Woordfees se programboekie beskryf hierdie konsert in die kol as “’n meditasie in lied en poësie met water”. En dis presies wat die Kaapstadse Jeugkoor onder leiding van Leon Starker konsertgangers Woensdagaand gebied het. Benewens die koorsang is die musiek toegelig met Afrikaanse gedigte – goeie keuses deur Erna du Toit – wat aansluiting vind by die liedere. Woord en lied tree dus in gesprek. Die koor het die program geopen met die eenvoudig, maar bekende gesang, Psalm 42, oftewel “Soos ’n hert in dorre streke”. Algaande het die musiekstukke moeiliker geword, wat terselfder tyd die intensiteit van die konsert verhoog het. Nic de Jager het met sy sonore stem die digkuns van onder andere DJ Opperman, Eugène Marais, Antjie Krog en Breyten Breytenbach voorgedra. Die koor, van net oor die 30 lede, het deurgaans geïmponeer

met hul suiwer klank, en goeie intonasie en diksie. Die stemme en stempartye meng goed en die klank is ryk. Al die stukke wat hulle gesing het, is met oorgawe vertolk. Die “Lacrimosa” van die Kubaan Calixto Alvarez kon dalk meer van ’n rou klank gehad het – tiperend van kore in daardie streke. Twee werke het by uitstek uitgestaan: “Canticum Calamitatis Maritimae” van die Finse komponis Jaako Mäntyjärvi, en “Ken jy die see” van Hendrik Hofmeyr (gebaseer op Uys Krige se bekende gedig). Wat ’n mens in eersgenoemde getref het, was die teerheid en patos waarmee die koor die storie oor ’n seeramp in Estland vertel het. In die Hofmeyr-werk word die stempartye as’t ware karakters op die kaai, met die solis Damian Newell wat deurgaans vra: “Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?” Om ’n koor aan te hoor wat energiek vertolk en ’n skone klank produseer is beslis ’n genot. – **Wayne Muller**

Vermeulen bring ryk orrelklanke voort

Organo. Klassieke musiek. Endlersaal. 11 Maart.

Die pyporrel is ’n komplekse instrument om te bespeel, maar wanneer Ockie Vermeulen daaragter inskuif, bring hy klanke voort wat ’n mens amper nie kan dink moontlik is nie. Vermeulen se program in hierdie eenmalige konsert het gewissel van pop, jazz en rock, maar deurgaans met ’n barokkleur. Saam met hom op die verhoog was die talentvolle Lizelle le Roux (viool), David Klassen (perkussie) en Shaun Johannes (baskitaar). Die ensemble het werke van Bach en Albinoni gespeel, die temalied van die flik *Ladies in Lavender*, werke van Karl Jenkins en selfs bekende popliedjies, soos “The Final Countdown” van Europe en “Money, Money, Money” van Abba. Dis moeilik om iets uit te



Ockie Vermeulen sonder, maar Vermeulen se weergawe van Procol Harum se “A whiter shade of pale”, met Le Roux op viool wat as’t ware instaan vir die stemme, was ’n hoogtepunt. Dit was ’n eenmalige konsert, maar mens kan net hoop dat dit weer uitgevoer sal word – veral in ’n lokaal soos die Endler waar die pyporrel tot sy volle reg kom. – **Ilza Roggeband**



Hemelbesem (links) en Anna Davel in die musiekproduksie 16 Onse. FOTO’S: SALMON BECKER

Mengelmoes onder die sterre

16 Onse. Musiek. Spier Amfiteater. 10 en 11 Maart.

Afrikaanse musiek is inderdaad divers. Noem ’n genre, en ons sing dit in Afrikaans, soos in die musiekkonsert 16 Onse. Noem maar op: ons voorste uitvoerende kunstenaars was daar – Amanda Strydom, Stef Bos, Anna Davel, Richard van der Westhuizen, Joshua na die Reën, Jannie Moolman, Danie Niehaus, Gloria Bosman, Tim Moloi, Jak de Priester (wat ook seremoniemeester was),

Hemelbesem en die Belgiese sangeres Hannelore Bedert. Die sangers is ondersteun deur ’n knap orkes met Melissa van der Spuy (klawerbord), Schalk Joubert (baskitaar), Lou-Ann Stone (saksofoon), Luke van der Merwe (kitaar), David Klassen (tromme) en musiekregisseur Janine Neethling op klavier. Die program was net so divers soos die kunstenaars. Strydom en Bos het die konsert ingelui met ’n ontroerende vertolking van “Taal van my

hart” en die program is afgesluit met al die sangers wat “Jabulani” en “Pata Pata” tesame uitgevoer het. Tussendeur is daar gedans en selfs gerymklets. Dit is altyd goed om gevestigde sangers te sien optree, maar net so opwindend om nuwe talent soos Joshua na die Reën en Hemelbesem te beleef. Hulle is beslis kunstenaars wat dopgehou moet word. Hulle musiek is uiteenlopend, maar elkeen het bygedra tot die sukses van die konsert. – **Ilza Roggeband**

A night with aKING, a cat and a jackal

aKING and Mr Cat and the Jackal. Concert. Neethlingshof. 11 March at 18:00.

Children jamming on air guitars and grannies on camping chairs indulging in wine, set the scene for the outdoor performance of aKing and Mr Cat and the Jackal. The venue might date from the 18th century, but the performance was anything but dated. Mr Cat and the Jackal, hailing from Durbanville, performed songs from their two studio albums: “Themes and Variations” and “Sins and Siren Songs”. A defining feature of their performance were the many instruments making their appearance on stage: from an accordion, to



Pierre-Arnold Theron, lid van Mr. Cat & the Jackal. shakers and even a sheet of metal shaken to create the illusion of thunder. JC Visser, one of the five band members, said they have “tonnes of material to choose from”, but that some of this music is impossible to perform live. “Sometimes an instrument doesn’t exist anymore, so that specific tune we would use it on, is out.”

The energy of the night was kicked up a notch by fellow Cape-tonians aKING through their melodic rock and grungy beats; often with a unique South African flavour. Suddenly the relaxed picnic atmosphere was replaced by jumping fans, all but throwing their bras on stage. The band played songs from their four studio albums: “Dutch Courage”, “Against All Odds”, “The Red Blooded Years” and their latest release, “Morning After”. The picnic setting was a delightful change from the usual music venues that often leave your hair full of smoke, your shirt stained with alcohol and you with a feeling of being shoved far too much. – **Tatum Morley**

OM FYN MUSIEK TE MAAK

US Koor entoesiasties ontvang

Die Universiteitskoor Stellenbosch (US Koor), wat die afgelope paar jaar gereeld by internasionale koorolimpiades die een na die ander toppresterder-prys verower, het pas die ys vir 2015 gebreek.

Dié groep geesdriftige, singende studente, onder leiding van André van der Merwe, het twee etensuurkonsertere by die Woordfees gehou, net 'n bietjie meer as 'n maand nadat hulle die eerste keer aan die jaar se repertorium begin oefen het.

“Ons tree gewoonlik eers in Mei op!” sê André. “Dit was baie vroeg vir die koor om op te tree na vier weke se repetisies.”

Tog was die konserte baie suksesvol en uiters entoesiasties deur die gehoor ontvang. André het tydens die eerste konsert

die gehoor bedank dat hulle so ondersteunend en lojaal teenoor die koor is.

Hul ledetal is vanjaar, soos in vorige jare, oor die honderd sterk. Dit klink miskien na besonder baie vir 'n universiteitskoor, maar André sê hy doen oor die 300 oudisies en hy sou dit self voller kon maak.

“My filosofie is dat as 'n groot orkes fyn musiek kan maak, dan kan 'n groot koor ook! Eindelik gaan dit nie oor hoeveel mense voor jou staan nie, maar oor hoe gedissiplineerd, gefokus en passievol hulle is.”

Die groot koor maak 'n baie indrukwekkende klank, veral met baie van die moderner musiek wat hy in die repertorium insluit.

“Ek kies gewoonlik werke wat 'n goeie balans sal handhaaf tussen

“ Ons het 'n verantwoordelikheid om lewende komponiste se werke tot uitvoering te bring.

wat die koorlede sal stimuleer en wat ook gehoor-vriendelik is. Dis nie altyd 'n maklike balans om te verkry nie,” sê hy.

“Die US koor het ook al heel dikwels ‘ouer’ musiek uitgevoer.



André van der Merwe

Maar ons is nie noodwendig 'n 'kamermusiek ensemble' nie.

Daar is baie ander groepe wat spesialiseer in ouer musiek. Maar ek glo ons het ook 'n verantwoordelikheid om lewende komponiste

se werke tot uitvoering te bring.”

Die koor neem elke tweede jaar aan 'n internasionale kompetisie deel. Vanjaar is een van die jare dat hulle tuis bly.

Maar die skedule is steeds opwindend. Hul eerste vollengte konsert is in Mei en hulle pak ook 'n werk saam met die pianiste Elna van der Merwe en Zorada Temmingh aan.

“Ons begin ook nou repeteer aan dié wonderlike nuwe werk, Bronze Triptych, deur die Amerikaanse komponis Dan Forrest. Dit ontgin temas van oorlog, dood en vrede.”

En September neem die koor deel aan die nasionale universiteitskoorfees, KUESTA, wat vanjaar in Port Elizabeth gehou word.

– Naudé van der Merwe

Danièle powers on at age 70

Danièle Pascal, a French *chanteuse* known for her interpretations of Edith Piaf’s music, honoured Jacques Brel in a cabaret to the enjoyment of loyal fans.

“To do Brel you need a lot of cigarettes and booze,” said Pascal with a chuckle. She has been a fan of this Belgian singer-songwriter music for quite some time, having already recorded an album of his work in 1999.

Brel was not really famous outside of the European continent, due to his refusal to sing in English. Yet he sold an astonishing 25 million records worldwide. Many of his hits have also been sung in English by well-known artists such as David Bowie.

Brel’s music cover very sombre themes, but for Pascal it is “poetry”.

Brel famously said he didn’t sing for audiences but rather for people.

The show featured songs sung in English, French and Flemish. Pascal said although she does not speak Flemish, “you need to know



Danièle Pascal performed songs of the Flemish composer Jacques Brel in the Drostdy Theatre on Wednesday night. Pieter van Helslandt accompanied her on the piano. PHOTO: MARK REITZ

what you’re singing about”.

She believes the performance of people who sing in foreign languages for the novelty of it without understanding the text comes across as lacklustre.

Pascal has worked with the likes of Leonard Cohen and maintains close relationships with South African colleagues such as Nataniël and Lisa Joubert.

She performed with Pieter

van Helslandt on Wednesday and regards him as a “son”.

Pascal sometimes regrets not pursuing a dancing career. Her success and continued career as actress and singer makes up for not

spending time on other art forms.

Close to 70 years of age does not intend on stopping performing anytime soon as she “has the spirit of a 19 year old”.

– George von Berg



herman@ertsasolburg.co.za



ETIENNE ROUSSEAU TEATER
SASOLBURG

‘Rasgroepe kom wel klaar’

Praat Saam. RSG aktualiteits-program. Plataankafee.
13 Maart om 08:00.

S wart mense moet verantwoordelik regeer en ophou om apartheid te blameer. Daar is areas regoor Suid-Afrika waar mense van verskillende rasse nou saamleef. Ek sal eerder op die positiewe van rasse-integrasie in die land konsentreer as om deel te wees van die “rassebedryf” wat heelyd net op verdeeldheid hamer.

Só het dr. Rhoda Kadalie, politieke kommentator en direkteur van die Impumelelo Social Innovations Centre, Vrydagoggend op RSG se inbel-aktualiteitsprogram *Praat Saam* gesê.

Sy het saam met prof. Andries Bezuidenhout, bedryfsosioloog aan die Universiteit van Pretoria, en dr. Wilhelm Verwoerd, wat hom vir konflik-resolusie by Beyond Walls Ltd. beywer, die kwessie van sosiale entrepreneurskap onder die loep geneem.

Kadalie het gesê daar moet onderskei word tussen dit wat politici en die media oor ras sê en wat werklik op grondvlak gebeur.

“Ek stem nie saam dat mense nie met mekaar oor die weg kom nie.”

In reaksie het Verwoerd gesê hy stem nie saam nie. Daar is steeds skeiding ten opsigte van woonbuurtes. “Daar kan wel sosiaal saam verkeer word, maar aan die einde

daarvan gaan elkeen terug na sy eie woonbuurt.”

Maar Kadalie sê dit beteken nie dit is rassisme nie.

Bezuidenhout het op sy beurt gesê dat sosiale entrepreneurskap in wese daaruit bestaan dat sakebeginsels toegepas word om ’n sosiale probleem in die samelewing op te los. Daar bestaan egter ’n groot gaping tussen produksie wat op grondvlak plaasvind en die formele ekonomie.

“Mense produseer iets, maar verstaan nie die mark en hoe om daarby uit te kom nie.”

Kadalie het gesê in die sake-wêreld word gepraat van ’n opbrengs op ’n belegging. In sosiale entrepreneurskap word gepraat van

opbrengs op sosiale belegging en word sakebeginsels gebruik om te verstaan wat die sosiale waarde is wat in ’n gemeenskap geskep word.

“Die sosiale opbrengs op ’n belegging is op lang termyn en dit neem langer om waarde na vore te bring. Dit is in kontras met die sakewêreld waar winste so gou moontlik gerealiseer moet word.”

Volgens Verwoerd moet die konsep van sosiale kapitaal hierby gevoeg word. Dit bestaan uit die bou van vertroue oor tradisionele sosiale grense heen en waarbinne suksesvolle ekonomiese aktiwiteit kan plaasvind.

Die klem val soms verkeerdelik net op ekonomiese aktiwiteite.

– **Gerhard Cloete**

ink

Redaksie

Redakteur
Jacquette Kloppers
(jacquettekloppers@gmail.com)

Uitgewer
Hannelie Cronjé

Uitleg en produksie
Johnn-Grant Munro

Teksredakteur
Liesl Peyper

Hooffotograaf
Nardus Engelbrecht

Senior skrywers
Marina Griebenow
Marenet Jordaen
Herman Lategan
Wayne Muller
Ilza Roggeband
Naudé van der Merwe

Joernalistiekstudente

Kayla Alexander
Leonardo Angelucci
Elmarien Anthony
Mikail Baker
Heléne Booyens
Nicola Jo Bruns
Melissa da Costa
Mila de Villiers
Louis du Preez
Siviwe Feketha
Edward Goff
Hannes Kruger
Jade Larey
Tatum Morley
Jacques Myburgh
Mirandi Nel
Suzaan Potgieter
Kyle Smith
Simon Sonnekus
Adri Thiar
Fredalette Uys
Lea-Ann van der Merwe
Mizan van der Merwe
Marcelle van Niekerk
George von Berg
Heike Werth

Die Matie redaksielede

Giselle Botha
Karin Groenewald
Karin Hammond
Franco Havenga
Lynné Schoeman
Joan van Dyk

Woordfees-kantoor

Erfurthuis, Ryneveldstraat
37, Stellenbosch

Skakel die feeskantoor by
021 886 5036 of besoek
www.woordfees.co.za

Die koerant word gratis
op die feesterrein versprei en
is elektronies beskikbaar by
www.eikestadnuus.co.za

Polisie – 021 809 5000
Verkeersdepartement
– 021 808 8800
Ambulans – 021 887 0310

Met dank aan die US se
Departement Joernalistiek



04
DAE

23
URE

48
MINUTE

53
SEKONDES

IS HOE LANK DIT SAL NEEM OM ‘N MEER

**INSPIRERENDE
GEDREWE**

GEMOTIVEERDE JY TE WEES.

AFHANGENDE VAN DIE PROGRAM VAN JOU KEUSE

www.inkcat.co.za [51400]

REGISTREER NOU!
www.usb-ed.com / info@usb-ed.com
Tel: +27 21 918 4488

USB
Bestuursontwikkeling Bpk
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

FEEDEM



PITSENG

outsourced catering solutions

the preferred catering partner

Education Sector
 Corporate Sector
 Staff Restaurants
 Retirement Sector
 Industrial Sector
 Private Healthcare
 Public Healthcare
 Mining
 Destination Restaurants
 Site Catering
 Events Catering
 Special Needs Catering

other services

Consulting
 Facilities Management
 Cleaning Services
 Laundry Services



Gauteng 011 439 2300
 Western Cape 021 559 6393
 KZN 031 202 8282
 Garden Route 044 874 3886
 Eastern Cape 041 373 0867
 Free State 051 522 7815
www.feedempitseng.co.za

Opperman speel met deernis

Die Klaagliedere van ds. Tienie Benadé. Toneel. Attie van Wijk-ouditorium. Vandag om 17:00.

Predikante werk nie net op Sondaë nie. Om die waarheid te sê, die lewe van ’n predikant is nie aldag maklik nie, en dié van ’n predikantskind nog minder. Maar jy sien en hoor álles.

En dis juis dié kennis en insig – oor jare opgebou as pastorie-gebroeders – wat die gewilde skrywer Dana Snyman ontgin en ingespan het vir *Die klaagliedere van ds. Tienie Benadé*, ’n eenmansvertoning met Fiësta-bekroonde akteur Frank Opperman in die rol van die beleërde godsmans.

Regisseur Gerrit Schoonhoven lei hierdie produksie met ’n sagte hand en laat die teks en Opperman praat. Geskryf in die vorm van ’n erediens, die liturgie losweg gegrond op dié van die tradisionele susterskerke, bied dit aan Snyman die geleentheid om in sy tipiese styl kwessies wat hom raak

of getref het te opper by wyse van ’n storie, dinge dan ongestoord op hul kop te keer en selfs so nou en dan ’n stekie in te kry na gewaande of bestaande onreg.

Snyman se uitleg bied aan Opperman natuurlik die geleentheid om ’n wye spektrum van emosies te verken en uit te beeld, asook om sy veelsydigheid en vaardigheid as akteur ten toon te stel. Wat ’n mens veral geniet, is die manier waarop die huigelaars en skynheiliges in die gemeente met skynkundige presisie blootgelê word, maar darem nooit sonder ’n sweempie deernis vir die menslike kondisie nie.

Ds. Tienie se gemeente kry swaar. Daar is nie geld nie, so dominee se blatante pleidooie vir geld en sy onnodige herhaling van die kerk se bankrekeningnommer aan die begin van die diens en tydens die afkondigings en preek ontlok die verwagte reaksie van die gehoor, naamlik ’n siniese gegriinnik met die ou grappie van “En Gee, En Gee” in die agterkop. Maar din-



Die akteur Frank Opperman in die rol van ds. Tienie Benadé.

ge is mos nooit so eenvoudig nie, veral nie in ’n Snyman-storie nie.

Die lofgesang is Ps. 146 – Prys die Heer met blye galme – met die woorde aangedui op ’n pamflet en die begeleiding wat verskaf word deur ’n reuse draagbare CD-speler, want sien: al 64 die orrel-pype is vroeër gesteel tydens ’n rooftog by die kerk, helder oordag nogal. Nou moet daar belangrike besluite geneem word deur die

kerkraad, waaronder die kleur wat die veiligheidsheining geveer moet word wat om die kerkterrein opgerig gaan word.

Snyman se grootste talent is sy vermoë om empatie te verwek vir die gewone mens, oftewel die amperse randfigure. Ook *Die klaagliedere van ds. Tienie Benadé* wemel met karakters wat jy dadelik herken: broers Thys en Basie wat dit hul plig ag om te sorg dat ds. Tienie homself volgens die Kerkorde se bepalings gedra; dr. Dirkie van die Noord-gemeente wie se *cool* preke al die jongmense wegluk uit die gemeente; Steyntjie Steyn van die Kraaines-pandjieswinkel wat skokstokke aan die kerk skenk waarmee die skorrie-morries kortgevat kan word; en dies meer. Hy skroom egter nie om ook swakhede uit te wys nie.

Snyman laat sy lesers – in hierdie geval sy gehoor – identifiseer met die lot van diegene wat nooit raakgesien word nie. Hy hou hul lot voor met humor en patos

wat die gehoor se harte wen, maar terselfdertyd kasty hy diegene wat nie doen wat hulle moet nie.

In die geval van *Die klaagliedere van ds. Tienie Benadé* is die kerke as instansies aan die ontvangkant van sy kritiek, maar ook die lidmate wat nie hul kant bring nie.

En dan, nes ’n predikant, bied hy ’n vermaning: die kerke sal voortaan al hoe kleiner raak en die klokke sal ophou beier as kerke en hul lidmate nie uitreik na mense soos die boemelaar sonder kind of kraai wat ds. Tienie pas daardie week begrawe het nie.

En dan volg die slotgesang: “What a beautiful noise” van Neil Diamond. Ook dit het ’n geskiedenis wat tydens ds. Tienie se preek oor “Wie is ek?” geopenbaar word.

Soos die oumense soms ná afloop van ’n diens sê: “Dominee het vanoggend nou weer móói gepraat. Sy boodskap was hard en duidelik. Laat dié wat ore het hoor!” – **Marina Griebenow**

Onemosionele vertolking pla

Adam Twee. Toneel. Klein Libertas Teater. 15 Maart 13:00.

Die eerste wat jou opval as jy die teater ruimte binnestap, is die akteur (Wessel Pretorius) in ’n verslete romp soos Antjie Somers wat om en om vier ruimtes loop wat in die middel van die vloer uitgepak is – een met sigarette, een met papierblomme, een met bladsy uit ’n boek geskeur en die ander met boombas.

In *Adam Twee* bevind die karakter in die naamrol hom in selfs ’n groter dilemma as dié van die hoofkarakter in die dramaturg en regisseur Philip Rademeyer se bekroonde toneelstuk *The View*. Laasgenoemde het die afgelope paar jaar gehore van hier tot in Dublin oorrompel en die kwessie van diskriminasie op grond van seksuele oriëntering behoorlik onder die loep geneem. Die vooruitsig op lewe in *The View* was nul, maar daar was minstens ’n spertyd ter sprake. In *Adam Twee* is min sekerheid oor enigiets.

Adam bevind hom as die laaste oorblywende mens op ’n aarde wat woës en leeg is, vernietig weens ’n groot ontploffing. Die aard van die ontploffing word nooit in besonderhede verduidelik nie, maar die oorsaak lê sonder twyfel in onmenslike haat en ’n dwingende begeerte om alles uit te wis wat anders is. Adam probeer tred hou van die dae wat verby is sedert die groot ontploffing en stap aanhoudend – aanhou beweeg en geraas maak – om die groot alleen af te weer. Sy herinnerings uit die ver-

lede word net onderbreek deur drie karakters wat vermoedelik aspekte van homself en invloede in sy lewe en verlede verteenwoordig: ’n vlugteling wat hom in die kring van sigarettostompies tot filosofie wend, ’n man wat te midde van die uitgeskeurde blaaië volksgedigte oor kindershelde voordra, en ’n minnaar wat met ’n krans van papierblomme minnebriewe voorlees.

Pretorius is ’n formidabele akteur met ’n stem wat hy soos ’n instrument bespeel. Sy fisieke spel is indrukwekkend, veral gegewe dat hy hom nie in die gemaklikste ruimte by die fees bevind het nie. Benewens die hitte en bedompigheid (wat die post-apokaliptiese situasie onderstreep het), moes hy ook by tye meeding met die rumoer van Stellenbosch se taxi-staanplek.

Dit is interessant dat Rademeyer kies om die gehoor reg om die aksie te plaas, want dit laat jou bykans voel asof jy die aarde en wat daarop gebeur van ’n afstand beskou. Sy ontwerp is eenvoudig, met ’n reuse-boom as fokuspunt en simbool van dit wat lewe en skuiling bied.

Adam Twee herinner uiteindelik net te veel aan *The View*, net soos aspekte van Pretorius se spel groot ooreenkomste toon met sekere vertolkings in sy eenmansvertoning *Ont*.

Adam Twee het baie potensiaal om ’n mens te raak en diep aan’t dink te sit, maar tans is die ervaring daarvan nog serebraal en van emosie ontdaan. Hopelik kan dit reggestel word. – **Marina Griebenow**



Die regisseur Katinka Heyns in gesprek met die dramaturg Pieter Fourie. FOTO: SALMON BECKER

Van poskantoor klerk tot wenner van die Hertzogprys vir drama

Pieter Fourie. Profiel. Boektent. 11 Maart.

Pieter Fourie, doyen van Afrikaanse teater, is vir dekades lank al deel van die ryk tapisserie van ons lewens. Boonop word hy vanjaar 75 jaar oud en dit is dus net gepas dat hy vanjaar by die Woordfees vereer word.

Fourie is bekend vir vele toneelstukke uit sy pen, onder meer *Faan se Trein*, *Mooi Maria*, *Die Koggelaar* en *Ek, Anna van Wyk*. Hy is voorts bekroon met die Hertzogprys vir drama, en het die graad DLitt (honoris causa) van die Universiteit van die Vrystaat agter sy naam.

Met die bynaam Piet Flenters (hy is altyd sonder skoene, die klere vodde) het hy reeds in standerd 5 (vandag se graad 7) uit die skool padgegee om in die poskantoor in Sasolburg te gaan werk. Regdeur sy loopbaan (en drie

huwelike) was hy bekend as ’n vuurvreter, moeilikheidmaker, belhamel, maar ook iemand wat vir die regte van die akteur opgestaan het.

Jare se pyp rook en stook, en ’n voorliefde vir lawaaiwater was ook sy voorland. Hy het nie k*k van kabouters gevat nie. Vandag loop hy met ’n kiere, die stem is sagter en ouer, en by sy geselsie het hy ’n groot Panama-hoed gedra.

Met alle eerbied, op sy gevoerde jare lyk hy na ’n kleurrike hibried tussen oorle’ Madeleine van Biljon en Fidel Castro.

Terug na sy jeug. Hy het later jare in die sogenaamde “Bantoe-afdeling” van die poskantoor gewerk, maar hierdie keer op Koffiefontein. ’n Statige swart man wat hy “outa” genoem het, het hom sag en indirek daarvoor aangespreek. Dit het ’n blywende indruk op hom gemaak.

Hy is terug skool toe, het matriek gemaak, en is toe Stellen-

bosch toe. Hy was in sy loopbaan daarvoor verantwoordelik dat baie van die klassieke werke van Shakespeare in goeie en stewige Afrikaans vertaal is deur mense soos Uys Krige en Eitemal.

So beïndruk was Bridget Oppenheimer (die mynmagnaat Harry se vrou) met Uys Krige se *Koning Lear*, sy het hom een aand nader geroep en gevra of hy nie asseblief Shakespeare in toegankliker en moderner Engels kan “vertaal” nie.

Fourie is in die gesprek gelei deur Katinka Heyns en Nico Luwes (lektor in drama in die Vrystaat), maar so lekker het hy gepraat, hulle kon nie juis ’n woord inkry nie.

Dit maak nie saak nie, die gehoor het elke woord gekoester. Pieter Fourie, jy is ’n groot gees, ons kan maar die knie voor jou buig. Mag jy nog lank met ons wees, ou grote. – **Herman Lategan**

Kontemporêre musiek

🎵

MELANCHOLIES EN DIGTERLIK

‘Oningeligtes’ versuur vertoning

Gert Vlok Nel. Musiek. De Vette Mossel. 13 Maart om 13:00.

Presies hoe oningelig (amper sê ek dom) moet ’n mens wees om geld uit te haal vir ’n kaartjie na ’n musiekkonsert en dan die hele verdomde (sagkens gestel) tyd te praat? En nie een of twee mense nie. Dit het in ’n stadium geklink of elke liewe mens in die tent gelag en gesels het.

Ja, jy het dalk nié gehoor Jan Blohm is nie meer by die fees en dat Gert Vlok Nel vir hom instaan nie, maar dit maak nie saak nie. Wanneer ’n kunstenaar soos Gert Vlok Nel (en hy gaan vir die res van die resensie Gert Vlok Nel bly) optree, luister jy! Jy wys nie foto’s van jou kinders op jou selfoon vir jou niggie nie. Jy wens nie ’n vriendin geluk met haar suksesvolle *facelift* nie. Jy vermaak nie die mense om jou met jou pittige staaltjies nie. Jy flippen luister!

Dalk het jy en jou studentepêlle gekom omdat pappa

genoeg sakgeld gee vir sulke uitstappies. Of dalk is jy en jou vriendinne *ladies who lunch*. Maar as jy nie daar is om ’n kunstenaar soos Gert Vlok Nel te waardeer nie, moet jy vir jou ’n ander plek kry. Dit is seker moeilik genoeg vir ’n kunstenaar soos hy om in die middel van die dag op te tree met rook van die vure en die reuk van mosselpotte wat verbywaai. Die minste wat ’n gehoor kan doen is om die nodige respek te toon.

’n Bekende aktrise (ek het belowe om nie haar naam te noem nie) het so drie liedjies gehou voor sy gesê het sy kan nie meer nie. Ek is so drie liedjies daarna ook weg. Met die uitloop wou ek omdraai en geskreeu het: “Skaam julle!”

Naskrif: Gert Vlok Nel, ondersteun deur Schalk Joubert en Louis Awerbuck, was so melancholies en digterlik soos mens hom leer ken het.

Ek haal my hoed vir hom af dat hy bykans ’n uur op die verhoog uitgehou het.
– Ilza Roggeband



Schalk Joubert en Gert Vlok Nel gister in De Vette Mossel. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

No-show Jan Blohm disappoints die-hard fans who bunked class

Resensie

1 o’Clock 2 o’Clock Rock. Acoustic Rock. Protea Hotel Techno Park. 12 March.

Fans of Jan Blohm were very disappointed when they showed up for his gig at the Protea Hotel,

only to find out that he was replaced by Gert Vlok Nel. The cancellation of Blohm’s concert was announced in *Ink*, but it still came as a surprise to some members of the audience. Blohm, who has gained a reputation as a no-show, cancelled at the last minute.
“We bunked class for Jan

Blohm, so I guess we’re heading back now,” said Christian Esterhuyse (20) of the Elizabeth Galloway School of Design. His classmate Alicia Landman (19) also decided to head back to class. Others were more optimistic.
“I come down every year for the festival and was excited to

see Jan Blohm in action,” said Engela Cronje from Pretoria. “I’m slightly let down, but Gert is also very good.” When Vlok Nel took the stage he performed for close to an hour – only playing four songs and reciting some poems – alongside renowned bassist Schalk Joubert. He told stories and anecdotes to

the crowd’s obvious enjoyment. The performance was remarkable in its simplicity and very typical of Vlok Nel’s style. Those people who were sorry to see Blohm’s name removed from the line-up, should think twice and grab the chance to see Vlok Nel in action this afternoon.
– Leonardo Angelucci



‘Hy’s ongelukkig nie ’n Afrikaanse Johnny Cash’

Adam Tas. Musiek. Knorhoek. 11 Maart om 20:00.

’n Feesprogram kan soms taamlik misleidend wees en jou só onder ’n wanindruk bring oor wat om te verwag. Sou jy die Woordfeesprogram as wet aanvaar, sou Adam Tas se vertoning Woensdagaand jou effens onkant betrap het. Die konsert by Knorhoek het alles-behalwe musiek van sy jongste album ingesluit, maar eerder op sy talent as *cover artist* gefokus. Van die meer as twintig liedjies wat hy gesing het, was die meerderheid saamsingtreffers wat selfs kritici sou laat glimlag het. Jy moet Tas gelyk gee dat hy sy gehoor ken. Met liedjies soos “Skilpadtepel” en “Karkas van haar

Valentine” het hy almal aan die lag gehad. Om die gek te skeer met Kurt Darren en Johan Stemmet het beslis in sy guns getel by dié buitlugvenue waar die witwyn goedkoop en volop was. Tas kan egter geensins kers-vashou nie by kunstenaars soos Johnny Cash wie se bekende “Folsom Prison Blues” hy aangepak het. Halfpad deur dié liedjie het gehoorlid Natasha Jackson sugtend laat hoor “dat dit darem nie Johnny is nie”. Met sy diep stem kon Tas egter lewe gee aan Kenny Rogers se “The Gambler”. Sy eie liedjies, soos “’n Man soos Pa” en “In die huis waar stilte woon” het oënskynlik die gewenste uitwerking gehad, want stilte het oor die piekniekgangers neergedaal. – Louis du Preez

Encore in oorfloed by konsert

Foto na Dans en Klopjag. Musiek. Neethlingshof. 12 Maart om 18:00.

Twee geliefde musikergroepe het gister mini-reünies gehou wat piekniekgangers by Neethlingshof vermaak het. Klopjag het hul laaste album in 2009 vrygestel en daarna besluit om op hul individuele loopbane te fokus. Foto na Dans het laas in 2010 ’n album bekend gestel en het in 2012 amptelik as groep ’n breuk met die musiekbedryf gemaak.

“Ons almal maak musiek afsonderlik,” sê Neil Basson, kitaarspeler van Foto na Dans. “Maar hierdie *event* is iets spesiaal wat ons saam gedoen het en dis lekker om die *chemistry* tussen ons weer saam te bring.”

Klopjag se voorsanger John-Henry Opperman het eers die gehoor op hul gemak gemaak. Hy wou selfs in van die mense se piekniekmandjies inval.

Die lede van Klopjag. FOTO: VERSKAF

Treffers soos “Skree!”, “Musiek vir die agtergrond” en “24 uur” was deel van Klopjag se speellys. Hulle het ook verras met “Hallelujah” van Leonard Cohen. Die kitaarspeler, Dawie de Jager, se smeulende stem het die gehoor aangemoedig om uit volle bors saam te sing.

Foto na Dans het die gehoor met die spokerige inleiding van hul liedjie “Die Vloed” begroet. Die krulkop voorsanger, Le Roi Nel, het ook met sy betowerende stem die massas laat saamsing. Hulle het onder meer “Soldaatvolk”, “Konings” en “Hou jou hande bymekaar” gespeel.

Jonk en oud het voor die verhoog gaan staan om kop te skud in ritme met die slaan van die snare. Die gehoor was traag om huiswaarts te keer, en het aanhoudend om ’n toegif gesmeek. – Kayla Alexander



KOEKEDOOR

ELKE DONDERDAGAAND,
20:30



KOEK OF TERT?



kykNET